- 38.2 Indien die Kontrakteur self die fabrikant van die leweransies of die verskaffer van die diens is, of indien hy die geakkrediteerde agent van die fabrikant of die verskaffer is, moet bewys ter ondersteuning van die prysaansuiwering wat ingevolge regulasie 38.1 geëis word, op versoek gelewer word.
- 38.3 As 'n alternatief tot regulasie 38.1 kan die Tenderaar op die tendervorm 'n formule spesifiseer wat pryse in ooreenstemming met gepubliseerde indekse aansuiwer. Die aansuiweringformule moet egter voorsiening maak vir 'n minimum vaste element van minstens 15% van die prys, wat nie aan aansuiwering onderhewig is nie.
- 38.4 Indien die Kontrakteur nie die fabrikant van die leweransies of die verskaffer van die diens is nie, of indien hy nie die geakkrediteerde agent van die fabrikant of die verskaffer is nie, moet enige prysaansuiwering gebaseer word op die verhoging of vermindering vir die Kontrakteur in die netto koste van die leweransies waarop die tenderprys gebaseer is. Indien enige sodanige verhoging of verlaging in koste voorkom, moet die Kontrakteur kopieë van die kwotasie of pryslys met verwysing waarna hy sy tenderpryse bereken het, indien, asook die hersiene kwotasie of pryslys waarop sy eis gebaseer word.

WISSELKOERSE

- 39.1 Indien die tenderprys in die geheel of gedeeltelik beïnvloed kan word deur die herwaardasie van geldeenhede of enige skommeling in die wisselkoers, moet die Tenderaar, ooreenkomstig die tendervereistes, in sy tender die bedrag vermeld wat in buitelandse geldeenhede betaalbaar is of na die buiteland oorgestuur moet word, sowel as die wisselkoers wat by die omskakeling van daardie bedrag in 'n Suid-Afrikaanse geldeenheid in die berekening van die tenderprys toegepas word, en indien die kontrak binne die kontraktyperk voltooi word, moet enige verhoging of verlaging in die betrokke bedrag as gevolg van enige skommeling in die wisselkoers of herwaardasie van geldeenhede, ongeag of die prys vas is al dan nie, vir die rekening van die Provinsie wees, onderhewig aan die volgende voorwaardes:
- 39.1.1 Indien betaling aan die Kontrakteur in die Republiek gemaak moet word en daar van hom vereis word om 'n deel van die hele bedrag na die buiteland te remitteer, moet die kontrakbedrag in die Suid-Afrikaanse geldeenheid aan die Kontrakteur betaal word, minus, of plus, 'n bedrag soos gespesifiseer in die Kontrakteur se faktuur en ondersteun deur die nodige bewyse wat enige verandering in die wisselkoers verteenwoordig—
- 39.1.1.1 wat kon plaasgevind het tussen die datum van omskakeling in Suid-Afrikaanse rand soos in die tenderdokumente weerspieël en die datum van die faktuur, met dien verstande dat die faktuurdatum binne 10 dae van die afleweringdatum is, en
- 39.1.1.2 enige verdere skommeling in die wisselkoers wat tussen die faktuurdatum en die werklike datum van buitelandse remise plaasvind, moet deur die Provinsie aan die Kontrakteur of deur die Kontrakteur aan die Provinsie betaal word indien die verdere skommeling in die wisselkoers meer as 1,0% is en indien die remise gedoen word binne 10 dae na die datum van die tjek wat ter betaling uitgereik word.
- 39.1.2 Indien daar van die Kontrakteur vereis word om 'n deel van of die hele bedrag in die buiteland te remitteer voordat hy die Provinsie kan faktureer en dit in sy tender aangedui en daarna afsonderlik gestaaf is, word die datum van sodanige remise besonder as die datum ten opsigte waarvan die aansuiwering ingevolge regulasie 39.1.1 gemaak moet word.
- 39.1.3 Alle wisselkoerseise moet vergesel gaan van die volgende dokumente en versuim om aan hierdie voorwaarde te voldoen, kan eise ongeldig maak:
- 39.1.3.1 In die geval van regulasie 39.1.1.1, 'n kopie van die toepaslike faktuur van die buitelandse verskaffer;
- 39.1.3.2 In die geval van regulasie 39.1.1.2, 'n kopie van die toepaslike faktuur van die buitelandse verskaffer vir rekonsiliasie met die bankremisebewys en 'n kopie van die bankremisebewys;

39.1.3.3 If amounts that are not proper to a specific order are included in the remittance abroad, documentary proof or an audited certificate that substantiates the inclusion of the amount;

39.1.4 No adjustment shall be made in respect of any amount or percentage of the tender price which was remitted abroad and which exceeds the amount which, as contemplated in regulation 39.1, is indicated in the tender for that purpose.

39.1.5 When the amount remitted abroad constitutes a larger or smaller amount or percentage of the tender price than that indicated for that purpose in the tender in accordance with regulation 38, and the Contractor, as a result thereof obtains a financial benefit, such benefit shall devolve upon the Province and shall, where applicable, be brought into consideration in computing any claim for compensation.

39.2 If it is not a condition of tender that the amount which the Contractor will have to pay abroad and the relevant rate of exchange at which the amount was converted to South African currency should be indicated in the tender, price adjustments in respect of fluctuations in the rate of exchange shall be affected only when a devaluation or a revaluation of currencies occurs and satisfactory documentary proof is submitted, provided that the Board may in such cases cancel the contract and make other arrangements for obtaining the supplies.

39.3 In the case of period contracts, the tender price referred to in regulations 39.1 and 39.2 shall refer to the relevant contracted prices for each consignment separately.

PRICE ADJUSTMENTS: DOCUMENTARY PROOF AND PERIOD FOR CLAIMS

40.1 The adjustment in price as contemplated in regulations 37, 38.1 to 38.4 and 39.1 to 39.3 shall cover only the period between the closing date of a tender and the final delivery date in terms of the contract.

40.2 Documentary proof of the price adjustments claimed as contemplated in regulations 37, 38.1 to 38.4 and 39.3 and the effect thereof on the contract price shall be submitted by the Contractor together with his claim, to the satisfaction of the Board.

40.3 Claims against the Province shall, unless otherwise authorised by the Board, be proved to the satisfaction of the Board as soon as possible, but in any case not later than the following:

40.3.1 In the case of period contracts, 90 days after the change in cost or the date of advice of acceptance of the tender, whichever date is the later, in which case the prices may be backdated to the date of change in cost. If a claim is received after 90 days, the prices will be backdated only to the date on which the claim was proved to the satisfaction of the Board.

40.3.2 In the case of non-period contracts, 90 days from the date on which the firm contractual delivery period expired if the contractual delivery period was adhered to. If he does not claim within 90 days, the Contractor shall forfeit his claim to a price adjustment unless otherwise decided by the Board.

40.4 In cases where a price adjustment is in favour of the Province such favourable difference shall on demand be paid forthwith by the Contractor to the Province or the Province may deduct such amounts from moneys which may otherwise be due to the Contractor in regard to supplies or services which he delivered or rendered or is to deliver or render in terms of the contract or any other contract or any other amount which may be due to him.

40.5 If delivery takes place within the contracted delivery period, the contract price ruling at date of delivery shall apply. Deliveries shall not be withheld for the purpose of benefiting from price increases.

39.1.3.3 Indien bedrae wat nie behoorlik by 'n spesifieke bestelling pas nie in die buitelandse remisie ingesluit word, dokumentêre bewys of 'n geouditeerde sertifikaat wat die insluiting van die bedrag staaf;

39.1.4 Geen aansuiwering word gemaak ten opsigte van enige bedrag of persentasie van die tenderprys wat in die buiteland geremitteer is en wat die bedrag oorskry wat, soos in regulasie 39.1 bedoel, vir daardie doel in die tender aangetoon word nie.

39.1.5 Indien die bedrag wat in die buiteland geremitteer word 'n groter of kleiner bedrag of persentasie van die tenderprys uitmaak as dit wat vir daardie doel ooreenkomstig regulasie 38 in die tender aangetoon word en die Kontrakteur as gevolg daarvan 'n finansiële voordeel verkry, moet sodanige voordeel op die Provinsie oorgaan en, indien toepaslik, in aanmerking geneem word by die berekening van enige eis om vergoeding.

39.2 Indien dit nie 'n tendervoorwaarde is dat die bedrag wat die Kontrakteur in die buiteland sal moet betaal en die toepaslike wisselkoers waarteen die bedrag in Suid-Afrikaanse geldeenheid omskep is in die tender aangetoon moet word nie, word prysaansuiwerings ten opsigte van skommelings in die wisselkoers slegs beïnvloed indien 'n devaluasie of herwaardasie van geldeenhede plaasvind en bevestigende dokumentêre bewyse ingedien word, met dien verstande dat die Raad in sodanige gevalle die kontrak mag kanselleer en ander reëlings vir die verkryging van die leweransies mag tref.

39.3 In die geval van tydperkkontrakte verwys die tenderprys waarna in regulasies 39.1 en 39.2 verwys word na die toepaslike gekontrakteerde pryse vir elke afsonderlike besending.

PRYSAANSUIWERINGS: DOKUMENTÊRE BEWYS EN TYDPERK VIR EISE

40.1 Die prysaansuiwerings soos in regulasies 37, 38.1 tot 38.4 en 39.1 tot 39.3 bedoel, dek slegs die tydperk tussen die sluitingsdatum van 'n tender en die finale aflewingsdatum ingevolge die kontrak.

40.2 Dokumentêre bewys van die prysaansuiwerings geëis soos in regulasie 37, 38.1 tot 38.4 en 39.3 bedoel en die uitwerking daarvan op die kontrakprys moet deur die Kontrakteur saam met sy eis ingedien word, tot die tevredenheid van die Raad.

40.3 Eise teen die Provinsie moet, tensy anders deur die Raad gemagtig, so gou moontlik tot die tevredenheid van die Raad bewys word, maar in elk geval nie later nie as die volgende:

40.3.1 In die geval van tydperkkontrakte, 90 dae na die verandering in koste of die datum van kennisgewing van aanvaarding van die tender, watter datum ook al die laaste is, in welke geval die pryse tot die datum van verandering in koste teruggedateer mag word. Indien 'n eis na 90 dae ontvang word, word die pryse slegs teruggedateer tot die datum waarop die eis tot die tevredenheid van die Raad bewys is.

40.3.2 In die geval van nietydperkkontrakte, 90 dae vanaf die datum waarop die vaste kontraktuele afleweringstydperk verstryk het indien daar by die kontraktuele afleweringstydperk gehou is. Indien hy nie binne 90 dae eis nie, doen die Kontrakteur afstand van sy eis tot 'n prysaansuiwering, tensy die Raad anders besluit.

40.4 In gevalle waar 'n prysaansuiwering ten gunste van die Provinsie is, moet sodanige gunstige verskil onmiddellik op aanvraag deur die Kontrakteur aan die Provinsie betaal word, of die Provinsie mag sodanige bedrae aftrek van gelde wat andersins aan die Kontrakteur verskuldig kan wees ten opsigte van leweransies of dienste wat hy gemaak of gelewer het of ingevolge die kontrak of enige ander kontrak of enige ander bedrag wat aan hom verskuldig mag wees.

40.5 Indien aflewering binne die gekontrakteerde afleweringstydperk plaasvind, geld die kontrakprys wat op die datum van aflewering heers. Aflewering mag nie teruggehou word met die doel om uit prysverhogings voordeel te trek nie.

40.6 The Board shall have the discretion to approve price adjustments.

PAYMENT

PAYMENT FOR SUPPLIES AND SERVICES

41.1 Unless determined otherwise in a contract or order, all payments due to Contractors shall be settled by the Province within 30 days from date of receipt of all the required documentation, provided that such documentation is correct in every respect.

41.2 All tendered prices shall include Value Added Tax, where applicable, unless specifically excluded during the invitation of the tender.

41.3 Payment shall be made to the Contractor only. In the event of a person other than the Contractor claiming payment, such person shall provide his authority to receive payment and the Contractor shall confirm in writing that he gave such authority and that payment can be claimed in terms thereof, before the Board shall approve such payment.

41.4 Queries regarding payment or non-payment of accounts shall be directed to the relevant official of the department concerned.

PAYMENT OF DUTIES, LEVIES AND TAXES

42. A Contractor for projects in the Republic shall pay all relevant duties, levies and taxes which may be due on the importation into the Republic of supplies and purchases and further indemnifies the Province against any liability for the payment of such duties, levies and taxes. If so required by the Board, a Contractor must indicate the gross value of the relevant purchases and also furnish the necessary proof that all such duties, levies and taxes have been paid.

STAMP DUTY, BANK CHARGES, ETC.

43. Unless the contract states otherwise the Contractor shall be liable for all stamp duties, bank charges, bank interest and other like charges incidental to the contract or order.

QUALITY & INSPECTION

QUALITY

44.1 Goods supplied and services rendered shall be in accordance with, and the Contractor guarantees that they are identical in all respects to, the samples, patterns, drawings and specifications stipulated in the contract or order and unless otherwise specified in the contract or order, supplies shall be new and unused. Where grades and brands are specified, such grades and brands only shall be supplied unless the contract or order stipulates otherwise.

44.2 Where a tender request calls for a supply of services according to a standard specification of the South African Bureau of Standards, the Tenderer shall take cognisance of the provision of section 15(6), (7) and (8) of the Standards Act, 1982 (Act 30 of 1982).

GUARANTEE

45.1 Unless the contract or order stipulates otherwise, the Contractor shall guarantee for a period of twelve months that no faulty material or workmanship was used in the manufacture of supplies or in the execution of services and that the finish is not defective, notwithstanding the fact that all or some of the material was supplied by subcontractors. Should the materials, supplies or services be defective the Province may, without prejudice to any other rights it may have, demand from the Contractor to replace the materials or supplies and restore or repair the services and the Contractor will do so within a reasonable time and without additional cost to the Province.

45.2 The period of the guarantee shall commence on the date of receipt of the supplies by, or handing over of the service to, the department concerned or, where so specified, on the date the supplies or service are brought into commission.

40.6 Die Raad het 'n diskresie om prysaansuiwerings goed te keur.

BETALING

BETALING VIR LEWERANSIES EN DIENSTE

41.1 Tensy daar anders in die kontrak of bestelling vermeld word, moet alle betalings verskuldig aan Kontrakteurs binne 30 dae van die datum van ontvangs van al die vereiste dokumentasie deur die Provinsie gemaak word, met dien verstande dat sodanige dokumentasie in alle opsigte korrek is.

41.2 Alle tenderpryse moet Belasting op Toegevoegde Waarde insluit, indien toepaslik, tensy dit spesifiek gedurende die uitnodiging van tenders uitgesluit is.

41.3 Betaling word slegs aan die Kontrakteur gedoen. Indien 'n ander persoon as die Kontrakteur betaling eis, moet sodanige persoon sy magtiging toon om betaling te ontvang en moet die Kontrakteur skriftelik bevestig dat hy sodanige magtiging verleen het en dat die betaling ingevolge hiervan geëis mag word, alvorens die Raad sodanige betaling sal goedkeur.

41.4 Navrae met betrekking tot betaling of nie-betaling van rekeninge moet aan die toepaslike amptenaar van die betrokke departement gerig word.

BETALING VAN AKSYNS, HEFFINGS EN BELASTINGS

42. 'n Kontrakteur vir projekte in die Republiek moet alle toepaslike aksyns, heffings en belastinge betaal wat verskuldig kan wees by die invoer in die Republiek van leweransies en aankope, en vrywaar verder die Provinsie teen enige aanspreeklikheid vir die betaling van sodanige aksyns, heffings en belastinge. Indien die Raad aldus vereis, moet 'n Kontrakteur die bruto waarde van die toepaslike aankope aantoon en ook die nodige bewys voorsien dat alle sodanige aksyns, heffings en belastinge betaal is.

SEËLREG, BANKKOSTE, ENS.

43. Tensy die kontrak anders bepaal, is die Kontrakteur aanspreeklik vir alle seëlregte, bankkoste, bankrente en ander soortgelyke toevallige onkoste verbonde aan die kontrak of bestelling.

KWALITEIT EN INSPEKSIE

KWALITEIT

44.1 Goed wat verskaf en dienste wat gelewer word, moet in ooreenstemming wees met, en die Kontrakteur waarborg dat hulle in alle opsigte identies is aan, die monsters, patrone, tekeninge en spesifikasies wat in die kontrak of bestelling gestipuleer is, en tensy daar anders in die kontrak of bestelling gespesifiseer word, moet leweransies nuut en ongebruik wees. Indien grade en handelsmerke gespesifiseer word, mag slegs sodanige grade en handelsmerke verskaf word, tensy die kontrak of bestelling anders stipuleer.

44.2 Indien 'n tenderuitnodiging 'n lewering van dienste ooreenkomstig 'n standaardspesifikasie van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde vereis, moet die Tenderaar kennis neem van die bepalinge van artikel 15(6), (7) en (8) van die Wet op Standaarde, 1982 (Wet 30 van 1982).

WAARBORG

45.1 Tensy die kontrak of bestelling anders stipuleer, moet die Kontrakteur vir 'n tydperk van 12 maande waarborg dat geen defektiewe materiaal of vakmanskap in die vervaardiging van leweransies of in die uitvoering van dienste gebruik is nie en dat die afwerking nie defektief is nie, nieteenstaande die feit dat al die materiaal of sommige daarvan deur subKontrakteurs verskaf is. Indien die materiaal, leweransies of dienste defektief is, mag die Provinsie sonder benadeling van enige ander regte waaroor hy moontlik mag beskik van die Kontrakteur vereis om die materiaal of leweransies te vervang en die dienste te herstel, en die Kontrakteur moet dit binne 'n redelike tyd en sonder bykomende koste vir die Provinsie doen.

45.2 Die tydperk van die waarborg neem 'n aanvang op die datum van ontvangs van die leweransies deur, of oorhandiging van die diens aan, die betrokke departement of, indien aldus gespesifiseer, op die datum waarop die leweransies of dienste in bedryf gestel word.

45.3 The liability of the Contractor under the guarantee shall *inter alia* also cover the free delivery to the department concerned of supplies required in replacement of defective supplies, and where parts are to be replaced the liability shall include their free installation to specification and satisfaction of the Province. The supplies and the parts so replaced or the services so rendered shall be guaranteed for a further 12 months, in accordance with regulation 45.

INSPECTIONS, TESTS AND ANALYSIS

46.1 If it is a condition of tender that supplies or services to be rendered should at any stage during production, execution or on collection be subject to inspection, tests or analysis then any costs occasioned thereby shall in all cases be for the account of the Tenderer or Contractor.

46.2 The premises of the Tenderer or Contractor shall be open, at all reasonable hours, for inspection by a representative of the Board or of an organisation or representative acting on behalf of the Province.

46.3 Inspections, tests and analysis of contract supplies may be carried out prior to despatch if the Board deems it necessary and the Contractor, if requested, shall provide all the required facilities for the inspections, tests and analysis of the supplies free of charge and shall, if requested, provide all the materials, samples, labour and available apparatus which may be required for the purpose of such inspections, tests and analysis free of charge unless otherwise specified in writing.

46.4 If there are no inspection requirements in the contract or order, but during the contract period it is decided that inspections shall be carried out, the department requesting the inspections shall make the necessary arrangements, including payment arrangements with the testing authority concerned.

46.4.1 If the inspections, tests and analysis, referred to in this regulation, indicate that the supplies are in accordance with the contract or order's requirements, the cost of the inspections, tests and analysis may be defrayed by the department concerned; otherwise the cost shall be defrayed by the Contractor. The Province shall have the right, without prejudice to any other legal remedy it may have, to deduct such costs from payments due to the Contractor under the contract or under any other contract.

46.4.2 Where the supplies or services referred to in regulation 46.4 do not comply with the contract requirements, but such supplies or services are nevertheless accepted at whatever price, the cost in connection with the inspections, tests or analysis thereof shall be defrayed by the Contractor.

46.5 Supplies and services which are referred to in the regulations 46.1 to 46.4 supra and which do not comply with the contract or order requirements may be rejected and without prejudice to any other remedies available to the Province, payment may be withheld pertaining to such rejected supplies or services.

46.6 Any supplies may on or after delivery be inspected, tested or analysed and may be rejected if found not to comply with the requirements of the contract or order. Such rejected supplies shall be held at the cost and risk of the Contractor who shall, when called upon to do so, remove them within 3 (three) business days at his own cost and forthwith substitute them with supplies which comply with the requirements of the contract. Failing such removal, the rejected supplies shall be returned at the Contractor's cost and risk. Should the Contractor fail to provide the substitute supplies forthwith, the Province may, without giving the Contractor further opportunity to substitute the rejected supplies, purchase such supplies as may be necessary at the expense of the Contractor.

46.7 Transport costs and any other expenses incidental to the rejected supplies referred to in regulations 46.1 and 46.4 shall be refunded by the Contractor.

45.3 Die aanspreeklikheid van die Kontrakteur ingevolge die waarborg dek onder andere die gratis aflewering van leweransies wat vereis word ter vervanging van defektiwe leweransies aan die betrokke departement, en indien onderdele vervang moet word, sluit die aanspreeklikheid die gratis installasie daarvan volgens die spesifikasie en tot die tevredenheid van die Provinsie in. Die leweransies en die onderdele aldus vervang of die dienste aldus gelewer, word 'n verdere 12 maande gewaarborg, ooreenkomstig regulasie 45.

INSPEKSIES, TOETSE EN ANALISE

46.1 Indien dit 'n tendervoorwaarde is dat leweransies of dienste wat gelewer word in enige stadium gedurende produksie, uitvoering of afhaal aan inspeksie, toetse of analise onderhewig is, is enige koste wat daardeur veroorsaak word in alle gevalle vir die rekening van die Tendraar of die Kontrakteur.

46.2 Die perseel van die Tendraar of Kontrakteur moet te alle redelike ure oop wees vir ondersoek deur 'n verteenwoordiger van die Raad of van 'n organisasie of verteenwoordiger wat namens die Provinsie optree.

46.3 Inspeksies, toetse en analise van kontraklewerings mag voor versending uitgevoer word indien die Raad dit nodig ag en die Kontrakteur moet, indien hy aldus versoek word, al die nodige fasiliteit vir die inspeksies, toetse en ontleding van die leweransies gratis verskaf en moet ook, indien hy aldus versoek word, al die materiaal, monsters, arbeid en beskikbare apparaat wat nodig mag wees vir die doel van sodanige inspeksies, toetse en analyses gratis voorsien, tensy daar skriftelik anders gespesifiseer word.

46.4 Indien daar geen inspeksievereistes in die kontrak of bestelling is nie maar daar gedurende die kontraktydperk besluit word dat inspeksies uitgevoer moet word, moet die departement wat die inspeksies aanvra, seker maak dat die nodige reëlings, met inbegrip van betalingsreëlings, met die betrokke toetsowerheid getref is.

46.4.1 Indien die inspeksies, toetse en ontleding waarna in hierdie regulasie verwys word, aandui dat die leweransies in ooreenstemming met die vereistes van die kontrak of bestelling is, kan die koste van die inspeksies, toetse en ontledings deur die betrokke departement betaal word; anders moet die koste deur die Kontrakteur gedek word. Die Provinsie het die reg, sonder benadeling van enige ander regs middel waaroor hy mag beskik, om sodanige koste af te trek van betalings wat ingevolge die kontrak of ingevolge enige ander kontrak aan die Kontrakteur verskuldig is.

46.4.2 Indien die leweransies of dienste waarna in regulasie 46.4 verwys word nie aan die kontrakvereistes voldoen nie, maar sodanige leweransies of dienste nogtans aanvaar word teen watter prys ook al, moet die koste in verband met die inspeksies, toetse of ontleding daarvan deur die Kontrakteur betaal word.

46.5 Leweransies en dienste waarna in regulasies 46.1 tot 46.4 supra verwys word en wat nie aan die vereistes van die kontrak of bestelling voldoen nie, kan afgekeur word en betaling met betrekking tot sodanige afgekeurde leweransies of dienste mag sonder benadeling van enige ander regs middele tot die beskikking van die Provinsie weerhou word.

46.6 Enige leweransies mag by of na aflewering geïnspekteer, getoets of ontleed word en mag afgekeur word indien daar gevind word dat dit nie aan die vereistes van die kontrak of bestelling voldoen nie, en sodanige afgekeurde leweransies word op die koste en risiko van die Kontrakteur gehou, wat, wanneer hy versoek word om dit te doen, dit binne 3 (drie) sakedae op sy eie koste moet verwyder en dit onmiddellik moet vervang deur leweransies wat aan die vereistes van die kontrak voldoen. By gebreke aan sodanige verwydering, word die afgekeurde leweransies op die Kontrakteur se eie koste en risiko teruggestuur. Indien die Kontrakteur versuim om die plaasvervangende leweransies onmiddellik te verskaf mag die Provinsie, sonder om aan die Kontrakteur verdere geleentheid te gee om die afgekeurde leweransies te vervang, enige leweransies wat nodig kan wees op die Kontrakteur se koste aankoop.

46.7 Vervoerkoste en enige ander onkoste bykomend by die afgekeurde leweransies waarna in regulasies 46.1 en 46.4 verwys word, moet deur die Kontrakteur terugbetaal word.

46.8 Where imported supplies are to be inspected before shipment, the Contractor shall notify his suppliers abroad of the conditions applicable to inspections.

46.9 If tests, inspections or analysis show that the supplies do not conform to the requirements of the contract, such failure shall be deemed a material breach of the contract. The provisions of regulations 46.1 to 46.8 supra shall not prejudice the right of the Province to cancel the contract on account of a breach of the conditions thereof, and/or to act in terms of the Law and these regulations.

SUBSTITUTION FOR LOCAL PRODUCTS

47. In the event of a contract being concluded for the supply of products produced in the Republic, a Contractor desiring to substitute imported products therefore may do so only if he obtains the prior written approval of the Board.

TRANSPORT

TRANSPORT IN THE REPUBLIC

48.1 Where a national transport service is used for the transport of supplies and the Contractor transports them by mobile containers, the surcharge for transportation in such containers as well as the extra cost for delivery to the consignee from the destination station and any other incidental charges raised by the transport service are for the Contractor's account. Where, however, in exceptional cases, the contract provides for separate charges for containers, packing or materials for packing and the supplies are, with the prior written approval from the department concerned, transported unpacked in mobile containers, the surcharge for transportation in such mobile containers, plus the extra cost for delivery to the consignee at the destination station and any other incidental charges raised by the transport service, are for the account of the Province.

48.2 Where the contract provides for despatch by rail from two or more railway stations or sidings the Province reserves the right to choose the station or siding from which the supplies are to be despatched, unless otherwise provided in the contract.

CONSIGNMENT

49. Supplies shall be consigned in the name of the Contractor or his representative, failing which, consignments may be rejected. The Contractor shall nominate his representative in writing and the nomination shall be approved in writing by the Province, both nomination and approval to take place prior to the despatch of the consignment.

SHIPPING OF SUPPLIES

50.1 It is necessary to conserve foreign exchange and since this purpose can best be served by shipping goods in vessels owned or operated by South African shipping companies or in which such companies have an interest and against bills of lading of such companies, shipping arrangements shall be made accordingly, provided that such arrangements do not result in higher costs or excessive delays.

50.2 Any Contractor who intends to make use of a vessel that is not owned or operated by a South African company, or in which such company does not have an interest, shall, to the satisfaction of the Board, produce prior evidence that the said companies cannot readily supply the desired service.

EXPORT LICENCE

51. When orders are placed for supplies in respect of which an export licence is required:

51.1 the Contractor shall not incur any direct or indirect costs in connection with the supply or despatch of such supplies before he has obtained such licence, or

51.2 if the Government of the country from which the supplies are to be exported refuses, or fails to grant such licence within three months from the placing of the order, the order

46.8 Indien ingevoerde voorraad voor verskeping geïnspekteer moet word, moet die Kontrakteur sy verskaffers oorsee van die voorwaardes wat op inspeksies van toepassing is, in kennis stel.

46.9 Indien toeste of ontledings toon dat die leweransies nie aan die vereistes van die kontrak voldoen nie, word sodanige versuim 'n wesentlike kontrakbreuk geag. Die bepalings van regulasies 46.1 tot 46.8 supra benadeel nie die regte van die Provinsie om die kontrak te kanselleer vanweë 'n verbreking van die voorwaardes daarvan nie, en/of om ingevolge die Wet en hierdie regulasies op te tree nie.

VERVANGING VAN PLAASLIKE PRODUKTE

47. Indien 'n kontrak gesluit word vir die lewering van produkte wat in die Republiek geproduseer is, mag 'n Kontrakteur wat die plaaslike produkte deur ingevoerde produkte wil vervang dit slegs doen indien hy vooraf skriftelike goedkeuring van die Raad ontvang.

VERVOER

VERVOER IN DIE REPUBLIEK

48.1 Indien 'n nasionale vervoerdiens vir die vervoer van leweransies gebruik word en die Kontrakteur dit in mobiele houers vervoer, is die ekstra bedrag vir vervoer in sodanige houers sowel as die ekstra koste vir die lewering aan die besendingsontvanger vanaf die bestemmingstasie asook enige ander toevallige koste wat deur die vervoerdiens gehef word vir die rekening van die Kontrakteur. Indien die kontrak egter in uitsonderlike gevalle voorsiening maak vir afsonderlike koste vir houers, verpakking of verpakkingsmateriaal en die leweransies, met die voorafgaande skriftelike goedkeuring van die betrokke departement, onverpak in mobiele houers vervoer word, is die bykomende bedrag vir die vervoer in sodanige mobiele houers, plus die ekstra koste vir lewering aan die besendingontvanger by die bestemmingstasie en enige ander toevallige koste wat die vervoerdiens hef, vir die rekening van die Provinsie.

48.2 Indien die kontrak voorsiening maak vir versending per spoor van twee of meer spoorwegstasies of—sylyne af, behou die Provinsie die reg voor om die stasie of sylyn waarvandaan die leweransies versend moet word, te kies, tensy daar anders in die kontrak bepaal word.

VERSENDING

49. Leweransies moet in die naam van die Kontrakteur of sy verteenwoordiger versend word, by versuim waarvan die besending afgekeur kan word. Die Kontrakteur moet sy verteenwoordiger skriftelik nomineer, die nominasie moet skriftelik deur die Provinsie goedgekeur word en die nominasie sowel as die goedkeuring moet plaasvind voordat die besending versend word.

VERSKEPING VAN LEWERINGS

50.1 Dit is nodig om valuta te bespaar en aangesien hierdie doel die beste gedien kan word deur goedere in vaartuie wat deur Suid-Afrikaanse skeepmaatskappye besit of bedryf word of waarin sodanige maatskappye 'n belang het en teen vragbriewe van sodanige maatskappye te verskeep, moet verskeppingsreëlings dienoreenkomstig getref word, mits sodanige reëlings nie tot hoër koste of uitermatige verdragings lei nie.

50.2 Enige Kontrakteur wat van plan is om gebruik te maak van 'n vaartuig wat nie deur 'n Suid-Afrikaanse maatskappy besit of bedryf word nie, of waarin sodanige maatskappy nie 'n belang het nie, moet tot die tevredenheid van die Raad vooraf bewys lewer dat die genoemde maatskappye nie geredelik die verlangde diens kan lewer nie.

UITVOERLISENSIE

51. Wanneer bestellings geplaas word vir leweransies ten opsigte waarvan 'n uitvoerlisensie vereis word:

51.1 mag die Kontrakteur geen regstreekse of onregstreekse koste in verband met die lewering of versending van sodanige leweransies aangaan alvorens hy sodanige lisensie verkry het nie, of

51.2 indien die Regering van die land waaruit die leweransies uitgevoer sal word weier of versuim om sodanige lisensie toe te staan binne drie maande nadat die bestelling geplaas

shall be deemed to be cancelled and no liability will be accepted for any loss or expenses irrespective of the nature thereof, including loss or expenditure suffered or incurred by the Contractor or any other person in respect of the production, supply, transport or delivery of such supplies.

INSURANCE

52.1 Contractors shall arrange for the insurance of supplies imported for the execution of contracts for the Province. Such insurance shall be arranged with insurance companies registered in the Republic in terms of the Insurance Act, 1943 (Act 27 of 1943) and registered and incorporated under the Companies Act, 1973 (Act 60 of 1973). The insurance shall adequately cover the transport of the supplies as well as the contents of containers used, if applicable.

52.2 If Contractors do not wish to arrange for insurance, prior written approval from the Board should be obtained.

BREACH & REMEDIES

BREACH

53.1 Should a Contractor:

53.1.1 Breach any term of the contract or agreement and fail to remedy such breach within a period of 7 (seven) days of written notice from the Province calling on it to do so; or

53.1.2 At any time fail to comply with any of the conditions of the contract or agreement; or

53.1.3 Cease or be unable for any reason whatsoever to conduct its business in an ordinary or regular manner, except in the instance of force majeure, and fails to remedy such situation within a period of 7 (seven) days of written notice from the Province calling on it to remedy the situation; or

53.1.4 Abandon, transfer, assign, cede, delegate or sublet a contract or agreement or purport to abandon, transfer, assign, cede, delegate or sublet a contract or agreement without the prior written approval of the Board; or

53.1.5 Make or give any warranty which is found to be untrue or incorrect in any respect; or

53.1.6 Furnish information on the strength of which an agreement or contract was concluded and in respect of which, after conclusion of such an agreement or contract, it is proved that such information was incorrect;

THEN and in any such events the Board, acting on behalf of the Province in terms of the Law, shall have the right, but shall not be obliged, (and without prejudice to any other rights or remedies the Province may in terms of these regulations, the contract or at law have against the Contractor):

53.2.1 to claim specific performance and damages from the Contractor in terms of the contract, and shall further have the right upon any period of delay:

53.2.1.1 in the event of a contract pertaining to supplies, to forthwith purchase supplies of a similar quality and up to the same quantity in substitution of the goods not supplied in conformity with the contract and to return any supplies later at the Contractor's expense and risk; and

53.2.1.2 in the event of a contract pertaining to services shall further have the right to forthwith arrange for the execution of the service not rendered or not rendered in conformity with the contract; or

53.2.2 To immediately cancel the contract or agreement and claim damages from the Contractor;

is, word die bestelling geag gekanselleer te wees en word geen aanspreeklikheid vir enige verlies of onkoste ongeag die aard daarvan aanvaar nie, met inbegrip van verliese of uitgawes gely of aangegaan deur die Kontrakteur of enige ander persoon ten opsigte van die produksie, verskaffing, vervoer of aflewering van sodanige leweransies.

VERSEKERING

52.1 Kontrakteurs moet reël vir die versekering van leweransies wat ingevoer word ter uitvoering van kontrakte vir die Provinsie, en sodanige versekering moet gereël word met versekeringsmaatskappye wat ingevolge die Versekeringswet van 1943 (Wet 27 van 1943) geregistreer is en wat ingevolge die Maatskappywet van 1973 (Wet 60 van 1973) geregistreer en ingelyf is. Die versekering moet die vervoer van die leweransies sowel as die inhoud van die houers wat gebruik word, indien toepaslik, toereikend dek.

52.2 Indien Kontrakteurs nie versekering wil reël nie, moet skriftelike goedkeuring vooraf van die Raad verkry word.

KONTRAKBREUK EN REGSMIDDELE

KONTRAKBREUK

53.1 Indien 'n Kontrakteur:

53.1.1 Enige bepaling van die kontrak of ooreenkoms verbreek en versuim om sodanige breuk reg te stel binne 'n tydperk van 7 (sewe) dae vanaf skriftelike kennisgewing deur die Provinsie waarin hy versoek word om dit te doen; of

53.1.2 In enige stadium versuim om enige van die voorwaardes van die kontrak of ooreenkoms na te kom; of

53.1.3 Ophou of nie in staat is nie, om enige rede hoegenaamd, om sy sake op gewone of gereelde wyse te doen, behalwe in die geval van force majeure, en versuim om sodanige situasie reg te stel binne 'n tydperk van 7 (sewe) dae vanaf skriftelike kennisgewing deur die Provinsie waarin hy versoek word om die situasie reg te stel; of

53.1.4 'n Kontrak of ooreenkoms afstand van doen, oordra, afstaan, sedeer, deleger of subkontrakteer of voorgee om 'n kontrak of ooreenkoms afstand van te doen, oor te dra, af te staan, te sedeer, te deleger of te subkontrakteer sonder die voorafgaande skriftelike goedkeuring van die Raad; of

53.1.5 Enige waarborg maak of gee wat in enige opsig gevind word onwaar of verkeerd te wees; of

53.1.6 Inligting verstrek op grond waarvan 'n ooreenkoms of kontrak gesluit is en ten opsigte waarvan daar, na sluiting van sodanige ooreenkoms of kontrak, bewys word dat sodanige inligting verkeerd was;

DAN en in enige sodanige gevalle het die Raad, handelend namens die Provinsie in terme van die Wet, die reg, maar is hy nie daartoe verplig nie, (en sonder benadeling van enige ander regte of regsmiddele waaroor die Provinsie ingevolge hierdie regulasies, die kontrak of 'n wet teen die Kontrakteur kan beskik) om:

53.2.1 Spesifieke nakoming en skadevergoeding van die Kontrakteur te eis ingevolge die kontrak, en het hy verder die reg in geval van enige tydperk van vertraging om:

53.2.1.1 in die geval van 'n kontrak met betrekking tot leweransies, om onmiddellik leweransies van 'n soortgelyke gehalte en tot dieselfde hoeveelheid aan te koop ter vervanging van die goed wat nie in ooreenstemming met die kontrak gelewer is nie en enige leweransies later op koste en risiko van die Kontrakteur terug te stuur; en

53.2.1.2 in die geval van 'n kontrak met betrekking tot dienste, om onmiddellik te reël vir die uitvoering van die diens wat nie gelewer is nie of nie in ooreenstemming met die kontrak gelewer is nie; of

53.2.2 onmiddellik die kontrak of ooreenkoms te kanselleer en skadevergoeding van die Kontrakteur te eis;

53.2.3 In the event of 53.1.6:

- 53.2.3.1 to recover from the Contractor any costs and any damages incurred or sustained, as the case may be, by the Province as a result of the conclusion of the agreement or contract; or
- 53.2.3.2 to terminate the agreement or contract and recover from the Contractor any damages which the Province may suffer by having to make less favourable arrangements thereafter, or
- 53.2.3.3 to impose a penalty not exceeding five percent of the monetary value of the agreement by written notice directed to the Contractor and delivered to him by registered post.

53.3 In the event of the Board availing itself of the remedies provided for in regulations 53.2.1.1 and 53.2.1.2:

53.3.1 the Contractor shall bear any adverse difference in price of the said supplies or services and these amounts plus any other damage which may be suffered by the Province shall be paid by the Contractor to the Province immediately on written demand, or the Province may deduct such amounts from moneys otherwise payable to the Contractor in respect of supplies or services rendered or to be rendered under the contract or under any other contract or any other amount due to the Contractor; or

53.3.2 if the Contractor fails to supply the goods or render the service within the period stipulated in the contract, the Province shall have the right, unless otherwise directed by the Board, in its sole discretion, either to deduct as a penalty an amount of five per cent from the value of the contract sum per day, for the period of delay or to claim any damages or loss suffered in lieu of such penalty: Provided that where beneficial use of the completed portion is enjoyed, the penalty shall be applied to the value of the outstanding portion only.

53.4 If a Tenderer amends or withdraws his tender after the closing time but before he is notified that his tender has been accepted, or when notified that his tender has been accepted, he fails, within the period stipulated in the conditions of tender or such extended period as the Board may allow, to sign a formal contract or to provide security when requested to do so, he shall, unless the Board decides otherwise, and without prejudice to any other right which the Province may have under regulations 53.2.1 and 53.2.2, including the right to claim damages if a less favourable tender is accepted or less favourable arrangements are to be made, forfeit any deposit which may have been made with the tender.

CONTRACTOR'S LIABILITY

54.1 In the event of the contract being cancelled by the Province in the exercise of its rights, the Contractor shall be liable to pay to the Province any losses sustained and/or additional costs or expenditure incurred as a result of such cancellation and the Province shall have the right to recover such losses, damages or additional costs by means of set-off from moneys due or which may become due in terms of the contract or any other contract, or from a guarantee provided for the due fulfilment of the contract and, until such time as the amount of such losses, damages or additional costs have been determined, to retain such moneys or guarantee or any deposit as security for any loss which the Province may suffer or have suffered. The provisions in this regulation are limited to damages the Province suffered directly or consequentially or liabilities the Province may directly or consequentially incur as a result of the contract being cancelled by the Province in the exercising of its rights. Furthermore damages and/or liabilities shall include any additional costs to the Province in obtaining the services of a third party to remedy defects which the current Tenderer or Contractor fails to remedy within a reasonable time.

54.2 The Contractor may be held responsible for any consequential damages and loss sustained which may be caused by any defect,

53.2.3 In die geval van 53.1.6:

53.2.3.1 Enige koste wat die Provinsie aangegaan het of enige skadevergoeding wat hy gely het, na gelang van die geval, as gevolg van die sluiting van die ooreenkoms of kontrak, van die Kontrakteur te verhaal; of

53.2.3.2 Die ooreenkoms of kontrak te beëindig en van die Kontrakteur enige skadevergoeding wat die Provinsie kon gely het deur minder gunstige reëlings daarna te moes tref, te verhaal; of

53.2.3.3 'n Boete op te lê wat nie vyf persent van die monetêre waarde van die ooreenkoms te bowe gaan nie, deur skriftelike kennisgewing gerig aan die Kontrakteur en per geregistreerde pos aan hom afgelewer;

53.3 Indien die Raad hom beroep op die regsmittele waarvoor daar in regulasies 53.2.1.1 en 53.2.1.2 voorsiening gemaak word:

53.3.1 moet die Kontrakteur enige nadelige verskil in prys van die genoemde leweransies of dienste dra en hierdie bedrae plus enige ander skade wat die Provinsie mag ly, moet onmiddellik op skriftelike versoek deur die Kontrakteur aan die Provinsie betaal word, of die Provinsie mag sodanige bedrae aftrek van gelde wat andersins aan die Kontrakteur betaalbaar is ten opsigte van leweransies of dienste wat ingevolge die kontrak, of ingevolge enige ander kontrak, gelever is of gelever moet word, of van enige ander bedrag wat aan die Kontrakteur verskuldig is; of

53.3.2 indien die Kontrakteur versuim om die goed te verskaf of die diens te lewer binne die tydperk wat in die kontrak gestipuleer is, het die Provinsie die reg, tensy die Raad anders bepaal, na sy uitsluitlike goeddunke, om óf 'n boete van 'n bedrag van 5% van die waarde van die kontrakbedrag per dag af te trek vir die tydperk van vertraging óf enige skadevergoeding of verlies in plaas van sodanige boete te eis: Met dien verstande dat indien voordelike gebruik van die voltooide gedeelte geniet word, die boete slegs van toepassing sal wees op waarde van die uitstaande gedeelte.

